

Fees van SA poësie — net betyds

SA IN POËSIE/SA IN POETRY deur Johan van Wyk, Pieter Conradie en Nik Constandaris (Owen Burgess, 1988).

Wanneer laas was so 'n dikke boek so plesierig om te lees?

Wanneer laas het so 'n dikke boek so min gekos? (R49 vir 5-cm dik).

Aan die akademië se jillery oor die swak/ondeurdagte voorwoord hoef die leser om nie noodwendig te steur nie, nog minder aan die gekibbel oor maatstawwe. Probeer ook vergeet van die gedigte wat na jou mening beter sou gepas het; die swak nummerlose indeks agterin; die subjektiewe weglaat van sekere werke. Begin die boek van voor af deurblaai en lees soos jy lus kry.

Van die heel eerste bladsy is dit duidelik dit gaan hier nie om taal of groep nie — in onvertaanbare en vreemd gepunktueerde taal staan die eerste gedigte van die Khoi- en San-groepe; later vir jou mooi vertaal:

*a splinter of stone which is white
a splinter of stone which is white
a splinter of stone which is white*

Dit is die blou kraanvoël se lied wat hy sing as hy van mense af wegvlug. Kom hy tot bedaring, sê hy: a white stone splinter; a white stone splinter.

Hierop volg die koloniale tydperk in sware Engelse, Duitse, Portugese en Nederlandse gedigte wat sterootiep na die kontinent kyk. Uit die verskillende tydperke en tale, lewenswyses en ideologieë kom mettertyd 'n fassinerende weefwerk tot stand waarin individuele kleure wel met tye opvallende skyn, maar waarvan die rykdom in perspektief en aanbidding die langste bybly. En deur al die bydraes skyn die digte gaas van hierdie suidpunt. Hordes digters het hom besing, beskryf, verwerp, ver-

ANTJIE KROG skryf oor 'n nuwe versameling gedigte wat 'n skaars blik werp op ideologie in die Suid-Afrikaanse digkuns

vloek, verwring; talle het gekom en gegaan, talle is vereer, talle het in verloreheid en stamellend hulle optekening gedoen, maar daar het werklik 'n Suid-Afrika in die poësie tot stand gekom. Hoe amper te laat is hierdie versameling nie!

Maar so 'n versameling maak natuurlik allerlei onverwagte, hopelik vroeggestorwe, voorkeure by jou wakker. Die Zoeloepryslidere slaan jy vir eers nie oor nie, die rasende rymelary van die Engelse wel, haastig om by die Afrikaanse te kom. Dit is 'n fees om te lees, byvoorbeeld van oom Jan wat sukkel om 'n gedig te skryf vir die Patriot, maar aanhoudend onderbreek word deur die eise van kinders en werkers en rampe. (*Moeilikheid om liedjies te maak op 'n Boerplaas*). Die tante wat sterf na 'n skerpioensteek op die naeltjie. Die ou man laat weet sy kinders kriptomies: Julle ma is doot — bring spykers saam.

Daar is 'n lewende aardsheid, 'n ongebreidelde naïwiteit wat die ander poësie vir eers swaarwigtig laat afsteek. Die versamelaars het die rassisme wat ons almal ken, maar verkies om te vergeet, ook ingesluit:

*As ek 'n man is,
dan moet ek ook 'n plaas hê;
Lospetos heet my os
Swarte tong heet my jong
Welbereg heet my meid
Welbemind heet my kind
Hartjelieliefte heet my vrou
Over-die-berge heet my plaas.*

Tussen die ander tale raak die Afrikaanse poësie al hoe boeiender soos dit polities begin formuleer, vir die diggers, die werkers, die lydendes. Die digters raak bekender soos Leipoldt en Marais, Celliers skryf stukke namens swartes wat van hul grond beroof word: *Hau, die wit man / maak nie mooi nie: / ons het hom nooit genooi nie: / maar hy kom; / hy vat vir hom / onse lande.*

Hoewel veel langdradiger, behou die inheemse poësie sy noue kontak met die beroofdes, die vlugtendes, die vernederdes en hier-tussen dryf die Engelse poësie. Die gedigte van die beroemde Engelse name wat jy al moes lees, klink effe irrelevant, die swakker verse van onbekende digters reguit en op die man af. Tot met die vyftiger, sestiger jare.

Geleidelik raak die Afrikaanse poësie privater, middelklasser, natuur en liefde gerig, die Engelse poësie deur middel van die swart digters brutaal en op die stank af. James Dean se foto in blou staan opgeneem by *Dispossessed of Bulldozer; Ode to a perfect match* staan naby *Sharpeville en Robbeneiland my kruis my huis*. Laasgenoemde gedig sal my sekerlik die langste bybly as 'n nuwe leeservaring; die gedigte van Mike Nicol as die onvergeetlikste.

'n Mens kan ook die boek totaal anders lees byvoorbeeld as 'n historiese oopvou van die land deur poësie. Dan raak dit interessant om te kyk wat ook geskryf is in byvoorbeeld dieselfde jaar waarin Elisabeth Eybers *Die stil avontuur* geskryf het: terwyl sy moederskap vir haar geslag en daarna verwoord, het haar mede-geslagsgenote verbete om 'n voortbestaan in die stede geveg; te oordeel aan die Wessels-biografie, in dieselfde fabriek bedryf deur haar man.

Verstommend om die baie pro-boere gedigte

'Onlus'-verslag stem tot groot onrus

EYEWITNESS TO "UNREST" deur Jan van Eck (Taurus Uitgewers, 1989; R14,00 plus AVB).

Politieke "onrus" is al jare lank in Suid-Afrika 'n algemene verskynsel — vir dié wat bereid is om verder te kyk as die selfgesensureerde Afrikaanse media. Verskeie waarnemers beweer dat Suid-Afrika in 'n burgeroorlog-situasie verkeer of selfs in 'n Libanon kan ontaard.

Die slepende onrus en verzet teen apartheid speel af teen die agtergrond van 'n minderheidsregering wat sonder alternatiewe kreatiefloos en met dwang regeer. Die meerderheid van Suid-Afrika se (swart) inwoners daarenteen stry nou al jare teen die minderheidsregime wat vir hulle totaal onaanvaarbaar is. Hierdie pad van verzet het al begin in die vorige eeu met die stigting van die Transvaal Native Congress, Orange Free State Native Congress en die Imbumba Yama Nyama (1882).

In "Eyewitness to 'Unrest'" skryf parlements-lid Jan van Eck oor sommige van die hoogtepunte van die onrus van 1985 tot 1987. Verskeie van die gebeure klassifiseerbaar as "onrus" word deur Van Eck beskryf. As Afrikaanssprekende wat vanweë sy betrokkenheid by die "monitor" van "onrus" gedwing is om te sien wat buite die rustige stilte van slegs-blanke

woonbuurte aangaan, tref dit 'n mens. (Dit sou van veel waarde wees as die boek ook in Afrikaans kan verskyn). Die boek is nie 'n akademiese bydrae tot bestaande politieke literatuur nie. Daar is geen diepgaande analise van die Suid-Afrikaanse situasie en die onderliggende verklarings daaromtrent nie. Veeleer is dit 'n poging tot beskrywing en tot aktualisering van die gebeure van '85 tot '87. En dit weerspieël daarom 'n vars blik op die dooie data van amptelike "onrusverslae". Meer nog: dit toon aan hoe noodmaatreëls en "rule by decree" ruimte laat vir ongeoorloofde en kwaadwillige optrede deur die handhawers van "reg en orde". Dit toon ook aan hoe outoritêre regering en geweld (struktureel en fisies) deel van die regeringswyse in die land van ons geword het. Dit dien ook treffend as illustrasie van die ondermyning van "rule of law" en die mate waartoe die polisie in Suid-Afrika "reg" in eie hande neem — tot nadeel van Jan Publiek. Met verwysing na voorbeelde, toon dit ook aan dat in minstens sommige gevalle die polisie gedurende die tydperk (en tans nog?) 'n reuse bydraende oorsaak van die voorkoms en verskerping van "onrus" was.

Eyewitness (81 bladsye) lees vinnig en maklik. Die kort hoofstukke dra by tot 'n leser-

vriendelike en beknopte publikasie. Die inhoud van die boek daarenteen is nie "vriendelik" nie; intendeel, dit stem tot onrus. Maar die soort onrus wat enige ware Suid-Afrikaner waardig is. En dit laat mens vra: wat kan ek doen om sulke arbitrêre en onregmatige regering te stop?

Die boek weerspieël myns insiens een groot tekortkoming: dit sou veel verhelderder gewees het as daar een inleidende hoofstuk of agtergrondskets in was. So iets sou die inligtingsrol en bewusmakingswaarde van die publikasie verhoog het.

Nogtans kan die boek sterk aanbeveel word. Vanaf die beskrywing van die begrafnis van die vermoorde anti-apartheidsaktiviste Goniwe, Calata, Mhlauli en Mkhonto ('n skokkende gebeurtenis wat sterk ooreenkomste vertoon met die gebeure in die film *Mississippi Burning*) tot by die laaste stelling is dit 'n uiters leesbare publikasie wat sterk aanbeveel kan word. Van Eck plaas vir my in dié stelling die boek in konteks: "It illustrates how far down the road towards anarchy South Africa under P W Botha has gone."

Ian Liebenberg

□ Ian Liebenberg is navorsingskonsultant by Idasa.

'Om poësie te lees met ander maatstawwe as die suiwer estetiese is 'n aanpassing wat sy eiesoortige beloning bring en poësie op nuwe terreine vestig'

teë te kom, geskryf deur Engelse, die pro-swart gedigte geskryf teen apartheid ook deur die Engelse, sodat 'n mens dalk kan aflei dat hoewel die Engelssprekende digter nog nooit die underdog was nie, hy hom tog wel getrou geskaars het by hulle lot.

Baie interessant is die versweë gedigte wat nou hulle verskyning maak. Noukeurig is die gedigte uit die tradisionele Afrikaanse kanon geweerd. Het u geweet dat S J Pretorius 'n gedig geskryf het waarin hy volkome identifiseer en simpatiseer met die "Munisipale Kaffer-Arbeider"; dat H A Fagan 'n gedig geskryf het waarin hy luister na Nkosi Sikelele 'i-Afrika en vra dat God ons almal hier sal seën omdat ons saamgeplant is in een vaderland; dat Leipoldt in 1944 'n gedig geskryf het waarin hy die idee van 'n wonder-republiek, 'n kliek wat dink dat hulle beter as ander is, snedig veroordeel en 'n profetiese blik gee na hoe veragterlik ons ons nog sal voel, geskandvlek.

Voeg hierby nog die werk van lensma, Letoit, Anthony — en nog talle ander skrywers wie se werk mens selde of ooit in die hande kry — en die boek is uit die Afrikaanse oogpunt alleen, die moeite werd. Om te sien hoe Afrikaans tussen ander tale wen en prysgee is 'n nuwe plesier; om poësie te lees met ander maatstawwe as die suiwer estetiese is 'n aanpassing wat sy eiesoortige beloning bring en poësie op nuwe terreine vestig.

Uit hierdie werk wat getuig van jare se navorsing, is dit onmoontlik om keuses te maak. Toe-oog en sonder rede kies ek om die gedig van Lionel Abrahams volledig aan te haal:

The Whiteman Blues

*Two cars, three loos, a swimming pool,
Investment paintings, kids at a private school . . .
we entertain with shows or gourmet food —
and yet we don't feel right, we don't feel good.*

*Why doesn't the having help?
Why doesn't the spending save?
Why doesn't the fun —
Why doesn't the culture —
Why don't the ads add up to something?*

*We can afford to say we know
the blacks are really given hell,
Big Boss is harsh and stupid and must go:
we say it — and it helps like one Aspro.
We still feel jumpy, mixed up, not quite well.*

*Which specialist can cure the thing we've got —
the got-it, gotta-get-it blues,
the deep-freeze, cheaper wholesale, world
excursion blues?*

*We high on the know-all-about-it booze.
We're bursting with kwashiokor of the bank.
We're depressed by the whiteman blues.*

*In the backyards they pray for us.
In Soweto they see our plight.
In the border areas they understand.
In the Bantustans they wait
to pat our shoulder, hold our hand.
They know, they know,
to them it isn't news:
we've got these lost-man, late-man,
money-man, superman,
whiteman blues.*

STAFF

Idasa appoints national director

Mr David Alan Screen has been appointed as national director of Idasa.

Mr Screen, currently deputy principal at Pinelands High School, will assume office in 1990.

He will be based at Idasa's head office in Cape Town.


As national director Mr Screen will be responsible for the day to day running of Idasa, and provide support for executive director Dr Alex Boraine in directing operations. Over the past 18 months, the institute has experienced tremendous growth in both its programme activities and staff numbers. The new post of national director was accordingly created to effectively respond to the growing demands of Idasa's work.

Mr Screen has been an active member of the South African Teachers' Association, as well as a member of the founding committee of Education for an Aware South Africa. He started his teaching career at Queens Park High School in Cape Town in 1977 and has held a number of teaching posts at schools in the Peninsula. He was vice-principal at Camps Bay High School prior to moving to Pinelands High at the beginning of 1989.

Within Sata he has actively promoted the ideal and practice of non-racialism and democracy. He was a prime mover, for instance, of a resolution which was adopted at the 1987 conference of that teachers' organisation, leading to the document "Educating for a Democratic, Non-racial Society".

Mr Screen was a founder member and chairman of the Observatory Civic Association, formed to counter the existing conservative ratepayers' association in the suburb.

He is married to Annamia van den Heever, a Cape Town city councillor. They have two children.



MR SCREEN

Top Amcham job for Mitchell

Mr Wayne Mitchell, national co-ordinator of Idasa since May 1987, has left the institute to take up a position with the American Chamber of Commerce in South Africa.

Mr Mitchell succeeds Mr Adrian Botha as executive director of Amcham. He will be based in Johannesburg.

He has been with Idasa since its inception in 1986 and initially held the position of regional director in the Eastern Cape.

Commenting on his departure, Mr Mitchell said he believed that Idasa still had an



MR MITCHELL

important role to play in resolving conflict in the country "despite the obstacles coming from varying political quarters". He intends maintaining his links with Idasa and those engaged in its work.

Mr Mitchell said he would have ample opportunity at Amcham to continue the struggle for a peaceful, just and prosperous South Africa. "I believe business has to become more pro-active in working for change. Amcham is working for greater co-operation between business and labour and business and the community in general."

New Border director

Ms Hermien Kotzé has been appointed as regional director of Idasa in the Border region starting December 1.

Ms Kotzé, a lecturer in development studies at the University of Fort Hare, succeeds Ms Cindy Deutschmann who has moved to Johannesburg.

She grew up in the Western Cape and holds degrees from the University of Stellenbosch and the London School of Economics (MSc). Prior to joining Fort Hare in 1987, Ms Kotzé lectured at Stellenbosch and the University of Bophuthatswana.



MS KOTZE

Critical assessment vital at school

The importance of the student-teacher relationship was emphasised at an Idasa seminar on people's education which was held at Rhodes University in September and attended by some 120 people.

Speaking on this topic, Mr Dirk Meerkotter, senior lecturer in education at the University of the Western Cape, said teachers generally assumed that it was their responsibility to provide information in the classroom, often forgetting that students need critical assessment of that information. People's education need critical intervention from both students and teachers, he said.

In any social transformation teachers and students would play a pivotal role because change and education were inter-related. Mr Meerkotter emphasised the importance of a

progressive pedagogy which challenged traditional authority relations in education and also reduced the emphasis on prescribed information in the education process.

Some delegates expressed concern that people's education may be "hijacked" by parties who had the technology to access information about international developments in people's education.

Giving an MDM perspective on people's education, Mr Irhon Rensburg, managing director of the Education Aid Programme, strongly advocated the participation of parents, teachers and students in education.

He emphasised that people should acquire skills now so that they will be able to occupy their rightful places in a new democratic, non-racial South Africa.